

▲ DIVIDEND OP 17%

▲ VERDIENSTE PER AANDEEL OP 16%

**Invicta**

**HOLDINGS LIMITED**

In die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer
(Registrasienommer 1966/002182/06)
(Aandelekode: IVT)
(ISIN kode: ZAE000029773)
("Invicta" of "die groep")

Bearing Man Ltd incorporating Fenner | Northmec Established 1869 | CSE | Autobax

# GEOUDITEERDE GROEPRESULTATE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31 MAART 2005 EN VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

## INKOMSTESTAAT

| | 2005 R'000 | 2004 R'000 | % verandering |
|---|---|---|---|
| Inkomste | **1 937 593** | 2 069 163 | (6) |
| Bedryfswins | **231 117** | 229 451 | 1 |
| Rente ontvang | **8 758** | 6 093 | |
| Finansieringskoste | **15 506** | 26 607 | |
| Wins voor belasting | **224 369** | 208 937 | 7 |
| Belasting | **75 166** | 70 787 | |
| Wins na belasting | **149 203** | 138 150 | 8 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **40 446** | 38 519 | |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **108 757** | 99 631 | 9 |
| **Bepaling van wesensverdienste** | | | |
| **Toeskryfbare verdienste** | **108 757** | 99 631 | |
| Aanpassings na belasting en minderheidsbelange, waar van toepassing | | | |
| – Amortisasie van klandisiewaarde | **–** | 1 733 | |
| – Wins met verkoop van belegging | **(5 882)** | (1 583) | |
| – Wins met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting | **(444)** | (839) | |
| **Wesensverdienste** | **102 431** | 98 942 | |
| **Uitgereikte aandele** | | | |
| Geweegde gemiddelde (000'e) | **57 258** | 60 571 | |
| Aan die einde van die jaar (000'e) | **57 884** | 57 463 | |
| Geweegde gemiddelde insluitende verwaterde aandele (000'e) | **57 258** | 62 619 | |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **179** | 163 | 10 |
| **Verdienste per aandeel (sent)** | **190** | 164 | 16 |
| **Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)** | **179** | 159 | 13 |
| **Verwaterde verdienste per aandeel (sent)** | **190** | 160 | 19 |
| **Dividend per aandeel* (sent)** | **77** | 66 | 17 |
| Tussentyds | **31** | 20 | 55 |
| Finaal | **46** | 46 | – |

** In ooreenstemming met RE107 is die finale dividend van 46 sent per aandeel, wat deur die direkteure voorgestel word, nie in die finansiële jaarstate weerspieël nie.*

## BALANSSTAAT

| | 2005 R'000 | 2004 R'000 |
|---|---|---|
| **BATES** | | |
| **Nie-bedryfsbates** | **164 393** | 142 719 |
| Eiendom, masjinerie en toerusting | **105 791** | 102 922 |
| Beleggings | **202** | – |
| Ontasbare bates | **30 103** | 11 454 |
| Uitgestelde belasting | **22 609** | 22 655 |
| Langtermyn ontvangbare rekeninge | **5 688** | 5 688 |
| **Bedryfsbates** | **813 703** | 825 127 |
| Voorraad | **553 030** | 501 476 |
| Rekeninge ontvangbaar | **224 889** | 247 718 |
| Kontant en kontantekwivalente | **35 784** | 75 933 |
| | **978 096** | 967 846 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **Kapitaal en reserwes** | **510 899** | 483 257 |
| Gewone aandeelhouersfondse | **354 568** | 312 339 |
| Buite-aandeelhouersbelang | **156 331** | 170 918 |
| **Nie-bedryfslaste** | **12 821** | 11 642 |
| Langtermynlenings | **12 821** | 11 642 |
| **Bedryfslaste** | **454 376** | 472 947 |
| Banklenings | **9 681** | 41 745 |
| Korttermynlenings | **6 421** | 3 027 |
| Ander betaalbare rekeninge | **438 274** | 428 175 |
| | **978 096** | 967 846 |

## KONTANTVLOEISTAAT

| | 2005 R'000 | 2004 R'000 |
|---|---|---|
| **Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite** | | |
| Kontant uit bedrywighede voortgebring | **197 169** | 285 247 |
| Finansieringskoste | **(15 506)** | (26 607) |
| Dividende betaal | **(63 228)** | (48 904) |
| Belasting betaal | **(91 810)** | (96 961) |
| Rente ontvang | **8 758** | 6 093 |
| Netto kontantinvloei uit bedryfsaktiwiteite | **35 383** | 118 868 |
| **Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van bateverkrygings | **(24 302)** | (21 310) |
| Netto kontantuitwerking van beleggingsaktiwiteite | **(1 753)** | 5 453 |
| **Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite** | | |
| Netto kontantuitwerking van aandelekapitaal teruggekoop | **(30 608)** | (103 054) |
| Netto kontantuitwerking van aandele uitgereik | **8 944** | 5 286 |
| Netto kontantuitwerking van lenings aangegaan | **4 251** | 6 344 |
| Netto (afname) toename in kontant en kontantekwivalente | **(8 085)** | 11 587 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die jaar | **34 188** | 22 601 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die jaar | **26 103** | 34 188 |

## STAAT VAN VERANDERINGS IN EKWITEIT

| | 2005 R'000 | 2004 R'000 |
|---|---|---|
| **Aandelekapitaal** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **2 873** | 3 642 |
| Netto aandele uitgereik (teruggekoop) | **21** | (769) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **2 894** | 2 873 |
| **Aandelepremie** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **28 037** | 125 036 |
| Netto aandele teruggekoop | **(21 685)** | (96 999) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **6 352** | 28 037 |
| **Opgehoopte wins** | | |
| Saldo aan die begin van die jaar | **281 429** | 214 987 |
| Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers | **108 757** | 99 631 |
| Dividende betaal | **(44 864)** | (33 189) |
| Saldo aan die einde van die jaar | **345 322** | 281 429 |

**Rekeningkundige beleid**

Die rekeningkundige beleid stem, behalwe soos hier onder uiteengesit, wesenlik ooreen met dié wat in die 2004-jaarverslag toegepas is. Die finansiële jaarverslag is ooreenkomstig met die Suid-Afrikaanse Standpunte oor Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Beleid opgestel. Hierdie uitslae is in ooreenstemming met RE127 opgestel.

**Verandering in rekeningkundige beleid**

Ingevolge RE140 word klandisiewaarde wat uit sakekombinasies voortspruit, nie geamortiseer nie. Dié verandering is vooruitskouend toegepas.

| **Ander inligting** | **2005** | 2004 |
|---|---|---|
| Waardevermindering en amortisasie (R'000) | **22 156** | 23 273 |
| Netto batewaarde per aandeel (sent) | **612,5** | 543,5 |
| Netto tasbare batewaarde per aandeel (sent) | **560,5** | 523,6 |

## GROEPAKTIWITEITE

Die Invicta-groep is 'n belangrike streeksinvoerder en -verspreider van:

- Laers, bande, seëls, kragtransmissieprodukte en ratmotors (Bearing Man)
- Landboumasjinerie en -toerusting (Northmec)
- Konstruksie- en grondwerktuie, grasversorgingstoerusting en nutsgholfkarretjies (CSE)
- Motorenjinonderdele (Autobax)

## FINANSIËLE OORSIG

Ons kan weereens soliede uitslae vir die Invicta-groep aankondig. Die omset van deurlopende werksaamhede het met 5% toegeneem, ten spyte daarvan dat die totale omset met 6% afgeneem het as gevolg van die verkoop van Engineparts op 1 April 2004. Die bedryfswins het met 7% toegeneem tot R231 miljoen en die verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers het met 9% tot R109 miljoen toegeneem. Die wesensverdienste per aandeel het met 10% tot 179 spa toegeneem.

Alle afdelings het bevredigend gevaar, en die landboumasjinerie-afdeling het uitstekend gepresteer. Bearing Man Limited ("Bearing Man") se netto wins na belasting het met 10% toegeneem – 'n goeie prestasie in 'n moeilike mark.

Die jaar is gekenmerk deur 'n deurgaande sterk rand, maar die groep kon dit teëwerk danksy 'n omvattende toename in ons verkoopsvolume. Die kontant wat deur bedrywighede gegenereer is, was minder as dié in die jaar vantevore as gevolg van 'n groter belegging in bedryfskapitaal.

## VOORUITSIGTE

Invicta verwag 'n uitdagende jaar. Die groep se maatskappye dryf bevredigend handel, hoewel die uitwerking van die verwagte afswaai in die landboumasjineriesektor merkbaar begin word. Die Rand sal na verwagting die komende 12 tot 18 maande sterk bly.

Die groep het onlangs aangekondig dat hy van voorneme is om 'n aanbod aan minderheidsaandeelhouers in Bearing Man te maak (sien verdere omsigtigheidsaankondiging hieronder). Dié transaksie sal die groep in staat stel om sy maatskappye te herstruktureer en te stroomlyn, en ook om 'n swart bemagtigingsvennoot in te neem. Hierdie vooruitsigte en die groep se volgehoue soektog na gepaste verkrygings behoort die uitwerking van die verwagte moeilike handeltoestande uit te balanseer.

## SWART EKONOMIESE BEMAGTIGING

Bearing Man het op 25 Februarie 2005 sy omsigtigheidsaankondiging aangaande die voorgestelde belegging deur 'n Swart Ekonomiese Bemagtiging ("SEB") vennoot teruggetrek. Invicta se aanbod aan minderheidsaandeelhouers in Bearing Man sal Invicta in staat stel om die hele groep te bemagtig. Sodra alle formaliteite aangaande die Bearing Man minderheidsaandeelhouers afgehandel is, sal aandag geskenk word aan 'n spoedige inneem van SEB-vennote. 'n Personeelbemagtigingskema sal deel uitmaak van dié inisiatief en sal so spoedig moontlik afgehandel word.

Vir en namens die direksie

**CH Wiese** — *Voorsitter*
**A Goldstone** — *Besturende direkteur*

Kaapstad — 18 Mei 2005

## DIVIDEND

Kennis geskied hiermee dat 'n finale dividend van 46 sent per aandeel verklaar is. Die laaste dag om te verhandel met die dividend om deel te neem aan die dividend is Vrydag, 3 Junie 2005.

Invicta Holdings Limited se aandele sal vanaf Maandag, 6 Junie 2005 sonder die dividend begin verhandel en die rekortdatum sal Vrydag, 10 Junie 2005 wees. Die dividend sal op Maandag, 13 Junie 2005 aan lede betaal word.

Aandelesertifikate mag van Maandag, 6 Junie 2005 tot en met Vrydag, 10 Junie 2005 nie gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Kragtens RE107 word die finale dividend van 46 sent per aandeel wat deur die direkteure voorgestel is en op die aandele-inligtingstaat aangetoon word, nie in die finansiële state vervat nie.

## VERDERE OMSIGTIGHEIDSAANKONDIGING

In aansluiting by die omsigtigheidsaankondiging op 13 April 2005 rakende die maatskappy se besliste voorneme om 'n aanbod te maak vir die verkryging van al die Bearing Man aandele wat nog nie in die maatskappy se besit is nie, word aandeelhouers in kennis gestel dat hulle tot verdere aankondiging steeds omsigtig te werk moet gaan as hulle Invicta se aandele verhandel.

Op las van die direksie

**C Barnard**
*Sekretaris*

Johannesburg — 18 Mei 2005

## OUDITEURSVERSLAG

Die ouditeure, Deloitte & Touche, het hulle mening oor die groep se finansiële state vir die jaar geëindig 31 Maart 2005 uitgespreek. 'n Afskrif van hulle ongekwalifiseerde verslag en hierdie resultate is by die maatskappy se geregistreerde kantoor ter insae beskikbaar.

Segmentinligting oor hierdie besighede word hieronder aangebied:

| | Ingenieursverbruiksgoedere R'000 | | Motoronderdele R'000 | | Kapitaaltoerusting en onderdele R'000 | | Nie-segment toewysings R'000 | | Gekonsolideerd R'000 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **2005** | 2004 | **2005** | 2004 | **2005** | 2004 | **2005** | 2004 | **2005** | 2004 |
| Inkomste | **1 048 087** | 1 009 305 | **–** | 295 890 | **889 506** | 763 968 | **–** | – | **1 937 593** | 2 069 163 |
| Bedryfsinkomste voor finansieringskoste en rente ontvang | **153 879** | 148 356 | **–** | 24 920 | **76 806** | 63 040 | **432** | (6 865) | **231 117** | 229 451 |
| Balansstaat | | | | | | | | | | |
| Bates | **579 743** | 529 587 | **–** | 131 625 | **557 439** | 396 524 | **(158 306)** | (89 890) | **978 876** | 967 846 |
| Laste | **246 799** | 196 626 | **–** | 128 018 | **311 408** | 218 644 | **(90 230)** | (58 699) | **467 977** | 484 589 |

Geen verslag is gedoen oor die segmentinligting vir die motoronderdele-segment vir die huidige jaar nie, as gevolg van die verkoop van Engineparts (Pty) Ltd en die verandering in die aard van die ander segment se bedrywighede.

Geografiese segmente:
Die groep het nie volgens geografiese ligging verslag gedoen van segmentinligting nie, omdat die bedrywighede wesenslik in Suid-Afrika plaasvind.

**GEREGISTREERDE KANTOOR:** Invicta Holdings Limited, Eenheid 1A, Grondverdiepings, Seardelgebou, Alphenpark, Constantia-hoofweg, Constantia 7806 • Posbus 89, Constantia 7848
**OORDRAGSEKRETARIS:** Computershare Investor Services 2004 (Pty) Ltd, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001. Posbus 61051, Marshalltown, 2107
**DIREKTEURE:** Dr CH Wiese*, A Goldstone, M Rose-Innes*, DI Samuels*
**BORG:** Deloitte & Touche Sponsor Services (Pty) Ltd
**OUDITEUR:** Deloitte & Touche Registered Accountants and Auditors, Chartered Accountants (SA)

20532 | Citigate

www.invictaholdings.co.za